



LAERSKOOL BRENTWOODPARK

Privaatsak X01
Atlasville, 1465

Tel: 010 600 0304
E pos: admin@brenties.org.za

SKOOLREËLS

OPGEDATEER OP 10 AUGUSTUS 2022

1. VOORSKOOL, NASKOOL EN POUSES

1.1 Maandag tot Vrydag begin die skool om 07:30. Die skool verdaag soos volg:

<u>Maandag tot Donderdag</u>	<u>Vrydag</u>
Gr. 1 en 2 13:00	12:00
Gr. 3 13:15	12:30
Gr. 4 tot 7 13:45	13:00

1.2 Tasse word by voogklas/volgens kl:as neergesit. Geen leerder word in 'n klas toegelaat sonder toesig van 'n opvoeder nie.

1.3 Geen spelery word op die stoepe toegelaat nie.

1.4 Fietse moet op skoolterrein gestoot en in die fietsloods gebêre word.

1.5 SPEELPLEKKE:

1.5.1 Rugbyveld B	: Gr 1 – tot 3 en LSEN seuns
1.5.2 Rugbyveld A	: Gr 4 tot 7 seuns
1.5.3 Vierkant	: Gr 7 dogters
1.5.4 Voor gradeklasse en netbalbane	: Gr 1 tot 6 en LSEN dogters

1.6 Gedurende netbalseisoen mag dogters doele op netbalbane oefen. Seilskoene/tekkies moet gedra word.

1.7 Geen leerder mag die motorhek of nasorghekkie gebruik nie. Slegs Gr R-ouers, wat hul kinders in die oggende klas toe vergesel, mag die nasorghekkie gebruik. Die klein hekkie by die saal mag gebruik word, indien leerders deur hul ouers vergesel word. Leerders mag slegs die hek by die parkeerarea, by die rugbyvelde, gebruik.

1.8 Geen leerder mag die skoolterrein sonder toestemming verlaat nadat die terrein betree is nie. Leerders wat na skool vir ouers wag moet binne die terrein staan.

1.9 Alle probleme moet by die personeellid aan diens, aangemeld word.

1.10 Die speel van krieket en rugby, sonder toesig van 'n personeellid, word nie toegelaat nie. Slegs sagte krieketballe mag gebruik word.

2. AANTREE

2.1 Sodra die klok vir aantree lui, stap die leerders ordelik aantreeblad toe. Sodra hulle op die aantreeblad kom, vorm hulle rye voor hulle klasse om by die lokale of saal in te stap.

- 2.2 Absolute stilte word vereis, aangesien daar aankondigings gedoen moet word en in die oggende met gebed geopen word.
- 2.3 In die gevalle waar leerders direk klas toe stap, tree hulle voor hul klaslokale aan, waar die personeellede hulle moet inwag en toestemming gee om in te stap.
- 2.4 Niemand mag, nadat die klok gelui het, die kleedkamers of krane gebruik nie.

3. VERDAGING EN KLASWISSELING

- 3.1 Niemand mag gesels nie!
- 3.2 Netjiese rye moet gevorm word – klas bymekaar en moenie deur ander rye vleg nie.
- 3.3 Stap direk by klas in – personeellid sal teenwoordig wees.
- 3.4 Met verdaging vir pouses en na skool moet leerders die klasse en geboue ordelik verlaat.
- 3.5 Niemand mag op teerblad of stoepe hardloop of eet nie.
- 3.6 Toebroodjies moet in kosblik of toegedraai op stoepe, tot op die speelterrein, gedra word.
- 3.7 Niemand mag die gangetjie na die skoolsaal of vir verdaging gebruik nie, behalwe vir klaswisseling en saalopening en dan onder toesig van 'n personeellid.
- 3.8 Daar word elke dag om 13:25 met skriflesing en gebed deur die leiers afgesluit. Hier tydens word daar absolute stilte verwag en niemand mag buite die klaskamers wees nie.

4. DETENSIE

- 4.1 Detensie vind beide pouses, gedurende die week, vanaf Maandae tot Vrydae plaas.
- 4.2 Leerders ontvang kennis by die hoof op Donderdae vir die daaropvolgende week detensie.
- 4.3 Die skeurstrokke van die kennisgewing moet deur die kind se ouer/voog ingevul, onderteken en die volgende dag teruggestuur word vir die hoof se aandag.
- 4.4 Geen leerder mag tydens detensie :
 - 4.4.1 Enige gesprek met ander leerders of met die personeellid aan diens voer nie.
 - 4.4.2 Die lokaal verlaat nie.
 - 4.4.3 'n Maat saamneem nie.
 - 4.4.4 Huiswerk doen nie.
 - 4.4.5 Die snoepwinkel besoek nie.
 - 4.4.6 Gesels nie.
- 4.5 Daar word van leerders verwag om regop te sit en vorentoe te kyk totdat die detensietyd verby is.
- 4.6 Leerders moet die kleedkamers besoek alvorens hulle die detensielokaal betree. Hulle mag hul voedsel tydens detensie nuttig.
- 4.7 Geen verskonings sal aanvaar word nie. Indien 'n leerder afwesig is en 'n doktersbrief inhandig, sal die detensiedag ingehaal word, andersins sal verdere dissiplinêre stappe gedoen word.
- 4.8 Indien leerders tydens detensie oortree, word die detensiestraf vir nog 'n week herhaal.

5. KLEEDKAMERS

- 5.1 Geen samedromming of spelery word in die toilette toegelaat nie.
- 5.2 Die toilette moet te alle tye netjies agtergelaat word.
- 5.3 Na skool mag seuns slegs kleedkamers by die bome aan die noordekant gebruik.
- 5.4 Leerders, behalwe Gr R, mag nie die nasorgsentrumtoilette gebruik nie.

6. TERREIN

- 6.1 Die skoolterrein moet altyd netjies gehou word.
- 6.2 Alle papiere moet dadelik opgetel en in die vuilgoedblikke gegooi word.
- 6.3 Geen leerder mag na skool op die terrein speel nie tensy hulle aan die nasorgsentrum verbonde is of onder toesig, met 'n buitemuurse aktiwiteit besig is. Die skool kan nie vir enige besering verantwoordelik gehou word indien leerders na skool op die terrein speel nie.
- 6.4 Alle gevaarlike speelplekke, wat van tyd tot tyd aangekondig word, moet vermy word.

7. VERBODE TERREIN /SPEELPLEKKE

- 7.1 Plante, blombeddings, skoolsaal sonder toesig, parkeerareas, kantoorblok (sien punt 8.4), trappe, gangetjies na skoolsaal, grasperk voor kantoorblok, op monumente, fietsloods, alle paviljoene en Gr R-buitespeelsterrein

8. BESOEK AAN KANTOOR EN KLEEDKAMERS

- 8.1 Indien die hoof, adjunkhoof of departementshoofde gesprek wil word, moet hulle eers by die administratiewe personeel aanmeld.
- 8.2 Slegs die leerders wat 'n besoek aan die kantoor moet bring mag dit doen – geen maats mag saambring word nie.
- 8.3 Daar moet absolute stilte in die voorportaal heers indien die kantoor besoek word.
- 8.4 Geen leerder mag die kantore sonder toestemming en 'n identifikasiekaart, betree nie.

9. GEBRUIK VAN TELEFONE

- 9.1 Geen leerder mag die kantoortelefoon gebruik nie.
- 9.2 Die kantoortelefoon mag slegs in noodgevalle gebruik word. Dit moet tot voor-of naskool en pouses beperk word. Toestemming moet verkry word.
- 9.3 Geen selfone word toegelaat nie. Indien 'n selfoon by 'n leerder gevind word, word dit gekonfiskeer.

10. PERSOONLIKE VOORKOMS VAN LEERDERS

10.1 DOGTERS

10.1.1 Geen juweliersware, grimering, naellak of lang naels nie.

10.1.2 **Oorkrabbertjies:** slegs goue of groen knoppie met vlinder. (oorringetjies word op eie risiko gedra hou beserings in gedagte.)

10.1.3 **Ringe:** slegs seëlringe word toegelaat. Geen armbande en hangertjies.

10.1.4 **Hare:** indien kort, moet dit nie aan die hals raak nie. Indien langer as die hals moet dit vasgebind of gevleg wees. Hare moet uit die gesig gehou word. Bind dit vas met rekkies, bottelgroen of oranje balletjies of lint. Geen kleur van hare nie.

10.1.5 **Skoene:** toeryg of bandjies. Geen blinkleer nie.

10.2 SEUNS

10.2.1 **Hare:** Netjies, kort uit die gesig en voorkop.

Moet nie aan die ore raak nie.

Kort 'square cut' of 'semi-square cut'.

Geen "gel" of vetterige haarolie nie.

Geen "punk"- haarstyl nie.

10.2.2 Geen juweliersware word toegelaat nie.

10.2.3 Indien T-hempies onder skoolhemp aangetrek word, mag dit nie sigbaar wees nie.

10.2.4 **Skoene:** swart toeryg. Geen blink gespes nie.

10.2.5 Hemde moet te alle tye ingestek wees.

10.3 BRENTIEDRAG

10.3.1 Die amptelike Brentiedrag mag slegs op Vrydae gedra word.

10.3.2 Slegs die goedgekeurde Brentiehempie mag gedra word.

10.3.3 Die hempie moet met 'n langbroekdenim of groen kriekiebroekie en tekkies gedra word.

10.3.4 Alle ander reëls, tov persoonlike voorkoms, soos in 10.1 en 10.2 vervat is, geld.

11. ALGEMEEN

11.1 Leerders mag nie rook nie.

11.2 Geen kougom word toegelaat nie.

11.3 Geen wapen, of enige vorm van bewapening word toegelaat nie.

11.4 Geen gevaarlike voorwerpe, rolskaatse en skaatsplanke, speletjies of ander speelgoed mag skool toe gebring word nie.

11.5 Geen reukweermiddel in gasvorm, of enige vorm van spuitmiddels, word by die skool toegelaat nie.

11.6 Gedrag moet te alle tye onberispelik wees.

11.7 Beleefdheid soos die groet van personelede, ouers en ander besoekers skep altyd 'n goeie indruk.

11.8 Daar moet altyd gepoog word om 'n trotse beeld van ons skool

Mnr C. Barnard
Hoof

Mnr W. McLeod
BL Voorsitter